

Sing vooraf staande: Psalm 59:1, 4, 5 (p. 289)

- 1 Red my, o God, wil my bewaar! / Die vyand kom, 'n sterke skaar.
Neem my tog in u hoede en wag / vir teëstanders en hul mag;
die manne wat net onreg werk, / is in hul bloeddors my te sterk.
- 4 Oordag in skuilplek weggevlug, / kom hul by donker weer terug
en huil soos honde deur die stad. / Hoe giftig is hul woorde wat
soos swaarde my die hart deurboor. / "En wie," sê hulle, "sal dit hoor?"
- 5 Maar U is groot van krag, o God! / U sal met al die heid'ne spot.
Op U, my Sterkte, wil ek wag, / U is my rotsskans, hoog in mag;
U sal u guns aan my laat blyk, / my op my vyand neer laat kyk.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 31:1, 3 (p. 143)

- 1 Net soos 'n rots, gesterk, gestewig / teen storm en ongety, / is U, o HEER, vir my.
Maak my tog nie beskaamd vir ewig. / Bevry my, hoor my bede / na u geregtighede.
- 3 U is my ewige rots, o HERE! / Diep in u veil'ge sy / sal ek genestel bly.
U sal my lei, u Naam ter ere, / tot ek die net verby is / wat voor my voet gesprei is.

Gebed

Psalm 119:10, 11 (p. 588)

- 10 Weer my voet van leuenpaaie / en verleen my, HEER, u wet,
my wat kies die weg van waarheid / en wat U verorden het.
Gee my hoop, en ek sal lewe, / troos, en weg is my gekwel!
Gaan met weldaad voor, dan volg ek, / dan betrag ek u bevel.
- 11 HEER, leer my u wet dat ek dit / tot die einde toe kan hou;
gee verstand en gee volharding, / dan bly ek daaraan getrou.
Laat my leef na u bevele – / niks wat my so kan behaag.
Neig my hart daartoe, maar nimmer / om na woekerwins te jaag.

Skriflesing: Matteus 5:17-26; Heidelbergse Kategismus, Sondag 40

Kernvers: Matteus 5:22

Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat vir sy broer kwaad is, is al strafbaar voor die regbank. Verder, elkeen wat sy broer uitskel vir 'n gek, is strafbaar voor die Joodse raad; en wie hom uitskel vir 'n idioot, is strafbaar met die helse vuur.
(Matteus 5:22 AFR 1983)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 105: Wat eis God in die sesde gebod?

Antwoord: Ek mag nie self en ook nie deur iemand anders my naaste onteer, haat, beledig of doodmaak nie. Ek mag dit nie met my gedagtes, woorde of gebare doen nie en nog minder met die daad (a). Ek moet alle wraaksug laat vaar (b). Ek mag ook myself nie kwaad aandoen of moedswillig in gevaar begewe nie (c). Daarom dra die owerheid die swaard om doodslag te weer (d).

(a) Matt 5:21, 22; 26:52; Gen 9:6. (b) Ef 4:26; Rom 12:19; Matt 5:25; 18:35. (c) Rom 13:14; Kol 2:23; Matt 4:7. (d) Gen 9:6; Eks 21:14; Matt 26:52; Rom 13:4.

Vraag 106: Praat hierdie gebod net van doodmaak?

Antwoord: Deur doodmaak te verbied, leer God ons dat Hy die wortel daarvan soos afguns (a), haat (b), woede (c) en wraaklus verafsku. Dit alles is vir Hom heimlik moord (d).

(a) Spr 14:30; Rom 1:29. (b) 1 Joh 2:11. (c) Jak 1:20; Gal 5:19-21. (d) 1 Joh 3:15.

Vraag 107: Het ons die gebod gehoorsaam as ons maar net nie ons naaste doodmaak, soos hierbo gesê is nie?

Antwoord: Nee, terwyl God afguns, haat en woede verbied, gebied Hy dat ons ons naaste moet liefhê soos onself (a). Ons moet teenoor hom geduldig, vredeliewend, sagmoedig, barmhartig en vriendelik wees (b), alles wat hom kan benadeel, sover moontlik probeer voorkom (c) en selfs aan ons vyande goed doen (d).

(a) Matt 22:39; 7:12; Rom 12:10. (b) Ef 4:2; Gal 6:1, 2; Matt 5:5; Rom 12:18; Luk 6:36; Matt 5:7; 1 Pet 3:8; Kol 3:12. (c) Eks 23:5. (d) Matt 5:44, 45; Rom 12:20.

Tema: Dankbare gelowiges beskerm hulle naaste se lewe

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, hoeveel werd is 'n mens se lewe? U sal miskien dink dit is 'n belaglike vraag. Ons weet mos dat 'n mens se lewe baie werd is. 'n Lewe kan mos nie in terme van geld gemeet word nie. Tog erken ons dat die lewe van 'n mens vir baie mense nie veel werd is nie. In die oë van baie mense is die besit van geld, vuurwapens en voertuie meer werd as 'n ander mens se lewe. Die bewys daarvoor sien en hoor ons elke dag in die koerante en oor die nuus. Mense word op die wreedaardigste maniere denkbaar doodgemaak vir 'n selfoon of 'n paar rand.

Maar dit is nie net in die oë van boosdoeners wat 'n mens se lewe bykans geen waarde het nie. In die geskiedenis is daar duisende bewyse dat rykdom, eer, besittings, olievelde, steenkoolmyne en dergelike sake vir party mense 'n hoër waarde het as 'n mens se lewe. Dink maar net hoeveel mense het al in die geskiedenis omgekome omdat werkgewers 'n onversadigbare sug na rykdom gehad het. Dink aan die getalle kinders wat gedurende die industriële rewolusie in Engeland aan die kortste end getrek het omdat fabriekseienaars nie genoeg kon kry nie.

Die vraag: Hoeveel werd is 'n mens se lewe? is egter nie net gemik op die booswigte in ons samelewing nie. Dit is ook nie net gemik om die onregverdige grond- en fabriekseienaars van die verlede nie. Die vraag word ook vanaand veral tot ons gerig en elkeen van ons moet ná die erediens hierdie vraag vir hom/haarself eerlik voor God kan beantwoord.

In die oë van God het die mens se lewe immers 'n hoë waarde. Daarom het Hy ook alreeds by Sinai die sesde gebod aan Israel afgekondig sodat die mens se lewe beskerm kan word. Die mens se lewe het by God so 'n hoë waarde dat Hy die doodslaan van 'n mens uitdruklik verbied.

Die afkondiging van die sesde gebod was bitter nodig, want die mensdom het mense soos Kain en Lameg in hulle geskiedenis. Die eerste sonde na die sondeval waarvan ons lees in die Bybel was Kain se moord op sy broer Abel. Die eerste lied na die sondeval wat vir ons opgeteken is, is nie 'n liefdesliedjie nie. Dit is 'n lied van moord en doodslag uit die mond van Lameg:

Ada en Silla, luister na my! Vrouens van Lameg, let op my woorde! Ek maak 'n man dood as hy my wond, 'n seun as hy my seermaak. Kain sal sewe maal gewreek word, Lameg sewe en sewentig maal! (Genesis 4:23, 24 AFR1983).

Hierdie duiwelse gees van Lameg het tot 'n groot mate die oorhand gekry by die mensdom en dit is vandag steeds teenwoordig. Daarom – en ons sien dit in ons eie land – val die sesde gebod in vandag se lewe soos 'n druppel water op 'n rooiwarm plaat: dit sis 'n bietjie en dan is dit weg. Die mense hoor die sesde gebod, maar hulle steur hulle geensins daaraan nie. Dit is net so goed asof God met die bome en klippe daar buite gepraat het. Almal hoor, maar min luister.

Broers, susters en kinders, iemand kan nou vra: Hoekom wil God die mens se lewe beskerm? Die

mens is dan 'n sondaar wat eintlik die dood verdien. Dit is waar. Die mens is 'n sondaar wat die dood verdien, maar ondanks die mens se sonde bewys die Here steeds genade aan die mens. Die Here laat nie sy werk tot niet gaan nie. Selfs nie eers die sonde van die mens kan God se werk heeltemal tot niet maak nie.

Hiermee bedoel ons dit: Selfs na die sondeval en na die sondvloed sê die Here steeds vir Noag: **Hy wat die bloed van 'n mens vergiet, sy bloed sal deur die mens vergiet word; want God het die mens na sy beeld gemaak** (Gen 9:6). Na die sondeval is die beeld van God wel verwring en geskend in die mens, maar vir God bly die mens steeds beeld van Hom. Daarom mag jy niemand doodmaak nie. Die mens wat 'n ander mens doodmaak, wil God se werk in die mens vernietig. Verder wil so iemand ook keer dat God se werk deur die mens voortgaan op die aarde en verhoed dat die mens God in hierdie lewe dien. Die moordenaar, aan die ander kant, wil ook nie beeld van God wees nie. Hy vertoon eerder die beeld van Satan wat van die begin af 'n mensemoordenaar is.

Dit is dan die eerste rede hoekom die mens se lewe beskerm moet word. Die mens is na die beeld van God gemaak. Die tweede rede is omdat God self die lewe aan die mens gegee het. Daarom het niemand die reg om iemand anders se lewe weg te neem nie, tensy God aan hom die reg gegee het om dit te doen.

Op hierdie punt moet ons net eers hierdie opmerking maak. In die '83-vertaling is die sesde gebod vertaal met: **Jy mag nie moord pleeg nie**. Daaronder verstaan 'n mens die doodmaak van iemand nadat dit beplan is en/of met voorbedagte rade. In die '33-vertaling is dit vertaal met: **Jy mag nie doodslaan nie**. Hieronder kan 'n mens enige vorm van doodmaak verstaan. Daarom, volgens die Hebreeuse woord, is dit beter om die sesde gebod soos volg te vertaal: Jy mag nie wederregtelik doodmaak nie. Dit beteken dat jy niemand met voorbedagte rade of per ongeluk mag doodmaak nie.

Kom ons nou weer terug na die tweede rede vir die beskerming van die mens se lewe, dan hoor ons dat niemand 'n ander mens se lewe van hom af mag wegneem nie, tensy God jou die reg gegee het om dit te doen. Hierdie reg kom alleen die owerheid toe, want God het aan die owerheid die swaard gegee om die kwaaddoeners te straf. Dit sluit in dat as iemand die doodstraf moet kry, is dit die owerheid se verantwoordelikheid om die doodstraf te voltrek.

Maar afgesien van hierdie verantwoordelikheid wat God aan die owerheid gegee het, mag niemand anders 'n mens doodmaak nie. Daarom moet die praktyke soos die vernietiging van menslike embryo's en die uitvoering van abortie onder normale omstandighede ten sterkste afgewys word as in stryd met die sesde gebod. Die mens se lewe begin immers reeds by bevrugting en nie iewers daarna nie. Ook is die praktyk van genadedood 'n onaanvaarbare uitweg vir die Christen. God alleen besluit wanneer dit die einde van 'n mens se lewe is, soos wat Hy alleen besluit wanneer 'n mens se lewe moet begin.

Geliefdes, noudat ons weet wat God se doel is met die sesde gebod en ook die redes aangehoor het, kan ons verder gaan en kyk wat God se bedoeling is met die sesde gebod. Gou-gou nadat Jesus die mense begin leer het en vir hulle gepreek het, het die stoere Jode die storie versprei dat Jesus 'n oproermaker is. Hy wil al die gebruike van die vaders omvergooi. Hy wil selfs sover gaan as om die wette van Moses ongeldig te maak. Om dan enige misverstand uit die weg te ruim, sê Jesus vir sy dissipels:

Ek het nie gekom om die wet of die profete ongeldig te maak nie, maar om hulle volle betekenis te laat kry. (Matteus 5:17 AFR1983)

Uit die gelese gedeelte kan ons aflei dat dit grotendeels die skrifgeleerdes en die Fariseërs was wat hierdie onsin oor Jesus versprei het. Hulle was die einste mense wat geleer het dat die sesde gebod net die doodmaak van 'n ander mens verbied. Dit sê niks meer en niks minder nie. En 'n mens het

die sesde gebod oortree slegs as daar twee of meer getuies is wat van so 'n oortreding kan getuig.

Maar so 'n siening van die sesde gebod is 'n verskraling van die wet van die Here. Ons getrouheid aan die wet moet immers meer inhou as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs. Daarom leer die Here Jesus ons wat God se bedoeling met die sesde gebod is. As ons Hoogste Profeet sê Hy vir ons dat dit nie net moord in sy skokkende en bloedvergiënde vorm is wat verbied word nie. **Elke een wat vir sy broer onnodig kwaad is, is al klaar strafbaar voor die regbank. Elke een wat sy broer uitskel as 'n gek, is voor die Joodse Raad strafbaar.** En iemand wat hom uitskel vir 'n idioot, is strafbaar met die helse vuur.

Hierdie woorde van ons Here klink vir ons eintlik belaglik, want hoeveel maal was ons nie al kwaad vir iemand nie. Hoeveel keer het ons in ons woede nie al uitgebars en iemand erger dinge toegesnou as gek en idioot nie. Dit kan tog nie moord of selfs per ongeluk doodmaak van my naaste wees nie. Geliefdes, dit is veral by hierdie Skrifdeel waar ons Kategismus in Sondag 40 aansluit. Die mens wat sy **naaste onteer, haat en beledig**, het presies dieselfde gesindheid in sy hart as die mens wat letterlik die moord pleeg. Al twee hierdie mense het so 'n weersin in sy naaste dat hy omtrent enigiets in sy vermoë sal doen om die mens vir wie hy kwaad is van die aardbol af weg te vee. Selfs al beteken dit dat sy vermoë hom net toelaat om sy naaste te verkleineer.

By God gaan dit immers in die eerste plek om die gesindheid van jou hart. Daarom noem ons Here hierdie sondes wat vir ons belaglik lyk as strafbaar selfs met die helse vuur. Dit is immers daar in die hart van die mens waar hy die goeie of die slegte bedink. En as die slegte nie vroegtydig gekeer word nie, loop dit uit op die daad wat gesien kan word. Om hierdie rede, geliefdes, verbied God nie net letterlike doodmaak nie, maar verafsku Hy ook **die wortel daarvan, soos afguns, haat, woede en wraaklus**. Daarom is dit nie vreemd om die Here deur Johannes te hoor sê: **Elkeen wat sy broer haat, is 'n moordenaar**, nie. **Afguns, haat, woede en wraaklus is moord** wat jy heimlik in jou hart pleeg.

Dit wil sê, broers, susters en kinders, sonder dat daar ooit bloed aan jou hande gesien kan word, kan jy moord pleeg. Want elke keer wat ons net daaraan gedink het hoe ons die een wat ons kwaadgemaak of benadeel het, gaan vermorsel, het ons klaar moord gepleeg in God se oë. Elke keer wat ons iemand geskel, gevloek of verkleineer het, het ons hom reeds met ons woorde aangerand en vermink. En elke keer wat ons uit wraaklus 'n gebaar gemaak het om vir die ander persoon te wys wat ons met hom wil doen, het ons sy lewe geneem. Daarom waarsku die Here ons in Matteus 5 baie ernstig om te let op wat ons dink, sê, wys en doen teenoor ons naaste.

Dit is egter nie net ander mense se lewens wat beskerm moet word nie. Ek moet my eie lewe ook beskerm. **Ek mag myself nie kwaad aandoen of moedswillig in gevaar begewe nie.** Daarom moet die daad van selfmoord op die sterkste moontlike wyse afgewys en veroordeel word. Wat moet ons oordeel oor 'n selfmoordenaar wees? Niks nie. Ons is nie God nie en ons mag nie speel ons is God om te oordeel oor die ewige bestemming van 'n selfmoordenaar is nie. Ook met die oormatige gebruik en misbruik van kos, drank, tabak en medisyne kan ek myself kwaad aandoen of ander mense se lewens benadeel. Daarom moet ons goed let op wat ons met onself aanvang.

Met wat ons met onself aanvang, kan ons ons moedswillig in gevaar begewe. Dit is iets anders as om jou aan gevaar bloot te stel. Elke dag wat ons op die pad bestuur of donkeraand by die huis aankom, is ons aan gevaar blootgestel. Maar wanneer ek weet dat my roekelose en nalatige bestuur van my voertuig vir my en ander mense gevaar inhou, begewe ek my moedswillig in gevaar. Dan is ek besig om met my optrede die lewe wat God my gegee het en God self te minag. Met so 'n optrede is 'n mens besig om God te tart – Hy moet jou in die lewe hou, want jy is mos sy kind, maar jy vergeet dat jy ook 'n verantwoordelikheid het om jou lewe te beskerm.

Maar die sesde gebod het soos die ander gebooie van die Here nie net 'n negatiewe bedoeling nie. Om in alle opregtheid te sê dat 'n mens nooit iemand anders met gedagtes, woorde of dade doodmaak het nie, is 'n mens nog nie voluit gehoorsaam aan die sesde gebod nie. Om die sesde gebod positief te gehoorsaam, moet ons begin om alle wraaksug te laat vaar.

Die enigste manier om regtig alle wraaksug te laat vaar, is deur vrede te maak met die mens wat iets teen jou het of teen wie jy iets het. In Matteus 5 gee ons Here twee voorbeelde. As jy by die tempel kom om die Here te dien en dit val jou daar by dat jou broer iets teen jou het, moet jy alles net so laat staan en eers teruggaan en vrede maak met jou broer. Hier moet ons goed oplet, dit is nie jy wat iets teen jou broer het nie, dit is jou broer wat iets teen jou het. Moenie dink omdat jy niks verkeerd teenoor jou broer gedoen het nie, is dit jou broer se plig om eerste 'n hand van vriendskap na jou uit te steek nie. Die plig lê net so swaar op jou skouers om vrede te maak. Want as daar nie vrede tussen jou en jou broer is nie, gaan jou verhouding met die Here ook wankel. Die Here roep ons tog op om mekaar te vergewe soos wat Hy ons ons oortredings vergewe.

Of as iemand jou na die hof sleep omdat hy 'n saak teen jou het, kom betyds tot 'n skikking solank jy nog op pad is na die hof. Die regspraak in dié tyd van die Nuwe Testament was nie in alle gevalle regverdig nie. En as jy daar voor die regter kom, kan dit gebeur dat jy teen alle verwagtings in skuldig bevind word en jy en jou familie se lewe in gevaar begewe. Want hoe gaan hulle kan lewe as die broodwinner in die tronk is? Die Here waarsku ons met hierdie twee voorbeelde om nie hardkoppig en ontoegeeflik te wees nie. Hardkoppigheid en ontoegeeflikheid laat die wraaksug by jou en jou broer net floreer. Raak eerder ontslae van alle wraaksug en maak vrede met jou naaste.

Hierdie vredemaakproses hou nie net by vergewe op nie. Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. En hierdie liefde bewys jy deur **teenoor** jou naaste **geduldig, vredeliewend, sagmoedig, barmhartig en vriendelik te wees**. Wanneer ons so teenoor alle mense optree, is ons positief gehoorsaam aan die sesde gebod. Nou moet ons onthou dat ons naaste nie net die mense is wat ons self kies om ons naaste te wees nie. Ons naaste is almal met wie die Here ons te doen laat kry. Hy kies ons naaste vir ons. Selfs die een wat die Here nog nie ken nie en ongelowig is, is die naaste wat die Here vir ons gekies het. As ons daarop roem dat ons hom nie doodmaak nie maar ook nie met liefde teenoor hom optree nie, hoe gaan hy die Here leer ken?

Geliefdes, ek weet ons dink dit is te veel gevra – eintlik te veel vir 'n gewone mens. En dit is inderdaad so. Maar onthou dan dat die gelowige nie uit sy sondige natuur met sy sondige neigings mag lewe nie. As verlose mense lewe ons met die Gees van God in ons. Hy lei ons om die sondige natuur te kruisig en die vrug van die Gees te dra. Dit kan gebeur, broers, susters en kinders, want God het ons sondes van woede, haat en wraaksug op sy Seun gelê en Hom daarvoor in ons plek veroordeel en aan die kruis laat sterf. Uit dankbaarheid vir hierdie liefdesdaad wat God in Christus aan ons bewys het, gaan ons nou alle wraaksug laat vaar en alle mense se lewens beskerm.

Geliefde gemeente, ons Here sê dit baie duidelik: **As julle getrouheid aan die wet nie meer inhou as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemel ingaan nie**. Ons het gehoor wat God se bedoeling met die sesde gebod is: Ons mag niemand **met gedagtes, woorde, gebare of dade doodmaak nie**, maar ons moet teenoor alle mense in liefde lewe deur hulle lewens te beskerm en alles wat hulle kan benadeel, sover moontlik probeer voorkom. Nou word die vraag weer tot ons gerig: Hoeveel werd is 'n ander mens se lewe vir jou?

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 9-1:1, 8, 11

- 1 My siel herdink met sidderbewe / hoe God, met majesteit beklee,
deur wolke^{en} donkerheid omswewe, / sy wet op Horeb het gegee:
- 8 Jy mag nie doodslaan, jou nie wreek nie, / maar liefde moet jou steunsel wees.
Jy mag die heil'ge eg nie breek nie, / maar, kuis van hart, die Here vrees.
- 11 Ons het, o Heer, u wet weerstrewe, / genade^{is} al waar ons op pleit;
gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
11 Desember 2011